

IS JY finansieel INTELLIGENT?

JOERNALIS: Helen Ueckermann
FOTO'S: Shutterstock





'n Geldslim mens is nie iemand wat die een kitsrykwoordplan ná die ander maak of altyd weet waar die uitverkopings is nie. Nee, dit is iemand wat sy eie finansies ken en die beste finansiële besluite vir sy toekoms neem.

'n Finansiële intelligente persoon is niemand se slaaf nie. Hy glo nie aan die mite van skuld nie. Hy weet hy hoef nie die voordele van môre al vandag te hê nie. Hy sien van ver af hoe hy in 'n finansiële web toegespin kan word en besluit betyds: Ek gaan nie daardie pad loop nie. Wat beteken dit dan om finansiële intelligent te wees in die alledaagse lewe? Hier is 'n paar praktiese voorbeelde ...

is dit 'n winskoop?

Jy is op soek na 'n nuwe ryding. Iets spoggerigs wat mense met nuwe oë na jou sal laat kyk, iets wat jou sal laat lyk of jy uiteindelik gearriveer het. Daar is twee moontlikhede wat jou aanstaan: Een gaan jou, nadat jy jou ou model ingeruil het, R4 500 per maand oor 24 maande uit die sak jaag en die ander een R5 000 oor 56 maande. Die keuse is maklik, nommer twee kos net R500 per maand meer en die spogwaarde vergelyk nie eens met nommer een nie ...

Prof. Aart Boessenkool, hoof van die departement kommersialisering van die Universiteit van Johannesburg, sê dié manier van doen sou aangedui het dat jy waarskynlik nie mooi weet wat die heersende rentekoers is nie. Jy het ook nie nagedink oor die aantal maande wat jy gaan afbetaal nie, oor versekering wat jy moet uitneem om die skuld te dek nie of wat instandhoudingskoste kan beloop nie. "As jy finansiële intelligent was, sou jy blitsig bereken het dat ryding nommer twee jou nie maar net 'n skrale R500 per maand meer sou kos nie, maar jou in totaal R156 000 armer sou laat as die eerste keuse. En dit is sonder om ekstra uitgawes in ag te neem.

"Om finansiële intelligent op te tree, moet jy die finansiële gevolge van al jou besluite kan insien: die uitwerking op jouself, jou gesin en jou persoonlike finansies. Jou geldgewoontes is hoofsaaklik die rede vir jou huidige finansiële status en het 'n direkte uitwerking op die manier waarop jy dink. Die toets is altyd of jy dieselfde besluit sou geneem het as jy daardie R156 000 kontant in jou hand gehad het? Waarskynlik nie," sê Aart. "Jy sou dit dan dalk eerder op jou huis afbetaal het."

vra jouself 'n paar vrae

'n Finansiële intelligente mens sal homself 'n paar vrae afvra voor hy met 'n vuurwa by die vertoonlokaal uitry. Hieronder tel: Wat

is die totale koste wat ek aangaan? Hoeveel gaan ek op rente spaar as ek oor 'n korter tydperk afbetaal? Wat gaan ek betaal aan versekering en petrol? Is daar 'n belastingvoordeel?

Dit het oor die afgelope jaar of drie weens die wêreldwye finansiële krisis met baie maatskappye nie so goed gegaan nie en duisende mense het hul werk verloor. "'n Finansiële intelligente mens in so 'n posisie sou besef het dat om werk te hê in ons veranderende ekonomie nie meer 'n gegewe is nie, nie eens by die grootste en sterkste maatskappye nie," sê Aart. "Hy sou voorsorg getref het om hom te beskerm teen maandelike gevulge

Om finansiële intelligent op te tree, moet jy die finansiële gevolge van al jou besluite kan insien: die uitwerking op jouself, jou gesin en jou persoonlike finansies.

van personeelvermindering, soos om spaargeld, gelykstaande aan 'n jaar se inkomste, geleidelik op te bou en opsy te sit."

Volgens Aart weet 'n geldslim persoon presies waarmee hy homself belas en hoe dit sy welvaart gaan raak. "Hy vergelyk dit dan met die voordeel wat hy gaan kry. Hy is 'n langtermyndenker en -beplanner."

Prof. Zak Nel, akademiese hoof van die Instituut vir Finansiële Gedrag, sê die gemiddelde Suid-Afrikaner val egter nie in daardie kategorie nie. "Hulle het nie 'n bruikbare kennis van die finansiële wêreld nie en dra in hul later jare die gevolge van swak besluite en 'n wanbegrip van hul finansiële situasie.

"Ons navorsing wys dat as die gemiddelde Suid-Afrikaner met 'n adviseur oor finansiële beplanning praat, die adviseur aanbeem dat sy kliënt ten minste terme soos lewensdekking, [bl.66>>](#)



kollektiewe beleggings, sekuriteit, annuïteit en bestuur van krediet verstaan. Dit is dikwels nie die geval nie," vertel Zak.

is dit jy?

Finansieel-geletterdes het kenmerke wat hulle van ander mense onderskei, verduidelik Aart:

- Hulle het 'n langtermynplan en weet waar hulle oor twintig jaar gaan wees.
- Hulle weet of hul bates oor 'n jaar meer of minder werd gaan wees.
- Hulle verstaan hoe finansiële instellings werk en laat hulle nie hul vryheid ontnem deur "hulp" in die vorm van maklike lenings te aanvaar nie.
- Hulle het hul eie huis en is nie bereid om huur aan iemand anders te betaal nie.
- As hulle 'n transaksie doen, weet hulle wat die uitwerking daarvan gaan wees op hul eie finansiële posisie.
- As hulle ekstra geld het, weet hulle presies wat hulle daarmee gaan doen – hulle werk immers volgens 'n plan.
- Hulle maak seker hulle kan nie maklik hul hande op los geld lê nie.
- Hulle neem nie kitsbesluite oor belangrike finansiële sake nie.
- Hul finansiële oog val ver in die toekoms en daarom berus hul geldbesluite op die uitwerking wat dit in die toekoms op hul lewe gaan hê.
- Hul gesinne verstaan die finansiële plan, en begryp waarom daar nie nou 'n nuwe kar gekoop kan word nie.

TOETS JOUSELF: KEN JY DIË FINANSIËLE TERME?

NETTO-INKOMSTE: Dit is wat oor is van jou salaris nadat al die aftrekkings gedoen is. Dit kan ook beskryf word as jou besteebare inkomste. In die geval van beleggings beteken dit die opbrengs uit beleggings nadat sekere koste-aftrekkings gedoen is.

DEBITEURE: Mense of instansies wat aan jou geld skuld.

KREDITEURE: Mense of instansies aan wie jy geld skuld.

KONTANTVLOEI: Geld wat onmiddellik vir jou beskikbaar is. Oor tyd heen is dit die verskil tussen jou positiewe geldinvloei teenoor jou gelduitvloei.

BATES: Dit beskryf enigiets wat jy besit wat jy binne twaalf maande in kontant kan omsit.

LASTE: Al die skuld wat jy nog moet afbetaal.

BEGROTING: Dit is die beplanning en berekening van jou inkomste en uitgawes, gewoonlik oor die tydperk van 'n maand of 'n jaar.

INFLASIE: Die waardevermindering van geld, of anders gestel, die algemene styging in pryse. Dit is die een aspek wat mense die meeste onderskat in hul finansiële beplanning.

RENTE: Die prys wat jy betaal vir die geld wat jy leen. Dit kan ook beskryf word as die koste van skuld en inflasie.

RISIKO: Dit is een van die moeilikste begrippe om te omskryf, maar in wese kom dit daarop neer in watter mate jy bereid is om te waag.

SAAMGESTELDE RENTE: Dit is rente wat verdien word op rente.


VERBAND: Dit is die skuld wat jy aangaan om jou huis te finansier. Dit is deel van jou laste. 'n Huis begin net 'n bate word as hy meer werd is as wat jy op hom skuld.

- Hulle gaan deur hul voorbeeld en optrede hul kinders dieselfde voordele van finansiële intelligensie leer.

leer oor geldsake

Om finansiël intelligent of geletterd te raak, is jou eie verantwoordelikheid, sê Aart. "Gaan lees die boeke oor persoonlike finansies wat in meeste boekwinkels te kry is, leer die ekonomie 'n bietjie beter verstaan sodat jy weet wat die uitwerking van ekonomiese gebeure op jou eie lewe gaan wees. Begryp dat jy net geld behoort te leen vir aankope wat in waarde toeneem, soos eiendom, en nie vir jou daaglikse leefstyl nie, soos byvoorbeeld klererekenings," is sy raad.

"'n Finansiël intelligente mens se voordeel is dat hy altyd finansiël onafhanklik sal kan bly, sy lewensdoel en sy finansiële vermoë stem ooreen, en bowenal is sy spanningsvlakke veel laer as dié van sy skuldverknoopte vriende en kennisse.

"Sy gesin sal ook die vrugte pluk. Op kort termyn sal hulle soms dink dat hulle moet ontbeer, maar op die lange duur sal hy vir hulle die beste kan bied," sê Aart. 

Bron: Prof. Zak Nel, akademiese hoof van die Instituut van Finansiële Gedrag.